# Vanderbijpark Fotoklub se Mei-wenners



Hy is oop - Eanette Maass.



PE Jetty - Johan Brits.



Lighthouse in a storm - Koos Fourie.

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging se lede het onlangs hul bes probeer om beoordelaar Johan Drosky van Bethal Fotografieklub te beïndruk tydens die Mei-klubaand.

Die eerste foto's wat beoordeel is, was die aanlyn ingeskrywings wat op die klub se webtuise, www.vdbp-photo.org besigtig kan word. Die aanlynkompetisie is deur Koos Fourie, senior fotograaf met "Elizabeth Bay bouvalle" gewen.

In die ope-afdeling waar enige foto vertoon mag word, was die kompetisie straf. In die senior-afdeling (4, 5 Ster en hoër graderings), is Johan Brits se "Catch your own fish" as wenfoto aangewys. Hierdie foto was ook die algehele wenfoto van die aand.

In die junior-afdeling (1 tot 3 Ster) was Eanette Maass se "Hy is oop" die wenfoto. Eanette is 'n fotograaf om dop te hou, want sy het ook wenfoto's in die junior-maandtema afdeling (Opsitkers) en die selfoon-afdeling (Drakensberg).

In die monochroom-afdeling was dit weer eens Koos Fourie se "Lighthouse in a storm" was die wenner was. Hy was ook die wenner van die Kerslig-maandtema met "You light up my life".

In die selfoon-afdeling was Johan Brits die senior-wenner met "PE Jetty".

Al die wenfoto's kan op die klub se amptelike webtuiste, www.vdbp-photo.org besigtig word. Interessante artikels word ook gereeld op hierdie webtuiste gelaai. Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za.

Besoek ook ons Facebook blad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.



You light up my life – Koos Fourie.



Catch your own fish - Johan Brits.



Elizabeth Bay bouvalle – Koos Fourie.


